

Gr 11 RTT

Maandag:

Merk Vrg 4 – 6

Vraag 4: Stelseltegnologieë en implikasies

- 4.1.1 28" ✓ (1)
- 4.1.2 Skerm se hoogte kan verstel word ✓ (1)
- 4.1.3 ms ✓ (1)
- 4.2 Fisies effens kleiner (dus makliker om rond te dra of in sak te pas, ens.) ✓
Kan foonoproep maak deur 'n *phablet* te gebruik (meer gerieflik en nie so lomp vir die maak van foonoproepe nie) ✓ (2)
- 4.3 Enige TWEE instellings van: ✓✓
 - Spesifiseer dat rekenaar behoort te 'slaap' of 'hiberneer' wanneer vir 'n sekere periode nie gebruik is nie
 - Stel die helderheid van die skerm laer
 - Balanseer kragverbruik met prestasie (aanvaar effens laer werkverrigting, in ruil vir spaar van krag)
 - Hou skerm-afskakeltyd (tyd voordat skerm afskakel) kort
 - Ontkoppel WiFi, GPS, 3G/4G (wanneer nie in gebruik nie)
 - Moenie vibrasie-kennisgewings gebruik nie
 - Skakel nie-noodsaaklike kennisgewings af
 - Skakel 'push'-e-pos af – d.w.s. verander instelling na 'fetch'-e-pos in die plek daarvan
 - Moenie foon in sonlig / warm omgewing neersit nie (omdat battery gouer pap word), ens. (2)
- 4.4 'n Toegewyde toestel is ontwerp om net een taak uit te voer (terwyl 'n rekenaar 'n meerdoelige toestel is) ✓
[Aanvaar ook die meer tegniese antwoord – dat 'n toegewyde toestel nie 'n bedryfstelsel het wat 'n wye verskeidenheid take kan uitvoer nie (anders as wat 'n rekenaar kan doen)]
Een geskikte voorbeeld: ATM, GPS, PVR, mikrogolfoond, ens. ✓ (2)
- 4.5.1 UPS / Uninterruptible Power Supply ✓ (1)
- 4.5.2 'n Skootrekenaar verkry krag van battery / kan vir 'n tyd lank sonder eksterne kragbron werk (behalwe vir herlaai) ✓ (1)
- 4.6.1 Ooreenkoms: beide argivering en rugsteun van lêers verwys na oordra van die lêers na 'n ander stoormedium/toestel vir veilige bewaring ✓
Verskil: argivering beteken dat die lêers *geskui*f word, terwyl rugsteun beteken dat die oorspronklikes *gekopieer* word ✓ (2)
- 4.6.2 Aanvaar enige voorbeeld van 'n situasie waar argivering gewoonlik uitgevoer word, bv. ou kopieë van skoolrapporte, ou notules van vergaderings (waar die lêers nie in gebruik is nie maar vir latere verwysing benodig mag word) ✓ (1)

- 4.7 Defragmentasie herrangskik bloot (dele van) lêers wat versprei / gefragmenteer is op die skyf, dus maak dit nie meer spasie op 'n hardeskyf beskikbaar nie ✓ (2)
- Die algemene doel van defragmentasie is om die proses van laai/opspoor van lêers op die skyf te verhaas [*Aanvaar: Om die werkverrigting van die rekenaar te verbeter / dit 'vinniger' te maak*] ✓
- 4.8.1 Neem 'n foto (bv. deur 'n digitale kamera / slimfoon te gebruik) ✓ (1)
- 4.8.2 Stel die resolusie (of die kleurdiepte) ✓ na 'n laer waarde (swart en wit) ✓ (2)
- 4.9.1 NFC ✓ (1)
- 4.9.2 Skep 'n WiFi-hotspot ✓ (1)
- 4.9.3 GPS-koördinate (breedtegraad en lengtegraad) kan tot die metadata van bv. 'n digitale foto bygevoeg word [*Aanvaar: Sal in staat wees om te sien waar die foto geneem is*] ✓ (1)
- 4.10 Aanlyn stoor / cloud-stoor ✓ [*Aanvaar spesifieke voorbeelde soos Dropbox, Google Drive, ens.*] (1)
- 4.11.1 Die data sal (permanent) uitgevee word ✓ (1)
- 4.11.2 Enige EEN wenk van: ✓
- Verwyder die *flash*-skyf en herkonnekteer dit -- verkieslik aan 'n ander USB-poort
 - Doen 'n antiviruskandering op die skyf (1)
- 4.12 Nee, dit kom ingesluit saam met al die bedryfstelsels. (Aanvaar 'ja', as ondersteun word deur die nodigheid van 'n skyfskandeerder met meer opsies as dié wat voorsien word deur die standaard skyfskandeerder wat met Windows gelewer word) ✓ (1)
- 4.13.1 Disk Cleanup ✓ (1)
- 4.13.2 Enige EEN manier (behalwe samepersing van lêers of die gebruik van die nutsprogram beskryf) van: ✓
- Verwyder duplikaatlêers / lêers wat nie nodig is nie
 - De-installeer (*uninstall*) onnodige programme
 - Maak die Recycle Bin self leeg
 - Skuif lêers na ander stoormedia (insluitende aanlyn stoor), ens. (1)
- 4.14.1 SVE (CPU) / Verwerker / Sentrale verwerkingseenheid ✓ (1)
- 4.14.2 Hoe meer die aantal kerne, hoe beter die werkverrigting ✓ [*Moenie 'dit sal beter werk' aanvaar nie, aangesien dit nie die vraag beantwoord nie: óf meer kerne = hoër werkverrigting, óf minder kerne = laer werkverrigting ... d.w.s. moet verhouding tussen aantal kerne en werkverrigting uitlig*] (1)
- 4.14.3 GHz (aanvaar Hz) ✓ (1)

[31]

Vraag 5: Netwerk- en internettegnologieë

- 5.1 Om gedeelde bronne (bv. lêers, e-pos- en internetfasiliteite, drukkers) aan netwerkgebruikers te verskaf ✓ (1)
- 5.2 'n Intranet is 'n 'webwerf' wat net op die privaat interne netwerk van 'n maatskappy/ organisasie beskikbaar is ✓
- Anders as 'n gewone webwerf, is dit gewoonlik beperk tot gebruik van die werknemers of lede van die maatskappy / organisasie ✓ (2)
- 5.3 Enige TWEE voordele van: ✓✓
- Deel van hardewarebronne, bv. drukkers
 - Deel van sagteware / lêers
 - Sentralisasie van data
 - Buigbare toegang (bv. meld vanaf enige rekenaar op die netwerk aan om toegang tot jou data te kry)
 - Verbeterde kommunikasie
 - Makliker om 'n netwerk in terme van sagteware en sekuriteit op datum te hou
 - Kan internettoegang deel
 - Kan opleiding doen deur die rekenaars te gebruik (na hulle toe uitsaai)
 - Makliker om toegang tot die netwerk en internet te monitor en te beheer (bv. deur 'n sentrale *proxy*-bediener), ens. (2)
- 5.4 Teenwoordigheid van ekstra aandrywers (bv. Y: en Z:) ✓ (1)
- 5.5.1 UTP / Ethernet / cat5 ✓ (1)
- 5.5.2 Enige TWEE voordele (behalwe dat dit oor langer afstande strek) van: ✓✓
- Baie vinniger data-oordrag
 - Immuun teen / Nie beïnvloed deur afluister / nie moontlik om te onderskep ('inluister') wanneer data oorgedra word nie
 - Immuun teen (nie beïnvloed deur) EMI / nie deur elektriese bronne beïnvloed nie (2)
- 5.5.3 'n Kabel wat verskillende LAN's konnekteer ✓ (1)
- 5.6 Enige EEN rede van: ✓
- Om die afstand wat mobiele en draagbare toestelle kan werk te vergroot / Om groter area van dekking te voorsien
 - Om voorsiening te maak vir meer gebruikers om te konnekteer ('n toegangspunt ondersteun 'n beperkte aantal gebruikers) (1)
- 5.7.1 1000 ✓ Mbps ✓ [Aanvaar 1 Gbps] (2)
- 5.7.2 Koordlose vermoë [item kan 'n koordlose (WiFi-) konneksie maak] ✓ (1)
- 5.8.1 So 'n wagwoord is moeilik om te raai of te kraak ✓ (1)
- 5.8.2 As 'n persoon dit regkry om 'n wagwoord vir een webwerf te raai of te kraak, kan hulle dit vir ander webwerwe ook probeer ✓ (1)

[16]

Vraag 6: Inligtingsbestuur

- 6.1.1 Dit kan nie direk met feite beantwoord word nie (benodig 'n vorm van oordeel / ondersoek / nadenke) ✓ (1)
- 6.1.2 Hul antwoorde is makliker om vas te lê en te ontleed ✓ (1)
- 6.1.3 Verseker dat die respondent net EEN opsie uit 'n lys opsies (vir elke vraag) kan kies ✓
[Aanvaar spesifieke voorbeelde van kontroles, bv. radioknoppies, aftreklus] (1)
- 6.2 Enige TWEE voordele (behalwe gemak en spoed waarmee data versamel word) van: ✓✓
- Data is alreeds in elektroniese formaat (dus hoef nie geskandeer / omgeskakel / ingetik te word nie)
 - Kan multimedia-inhoud (video, klank, ens.) insluit
 - Mense kan in hul eie tyd antwoord
 - Potensieel goedkoper (nie nodig om te reis nie, minder personeel en ander bronne benodig)
 - Kan 'n veel groter steekproefgroep bereik
 - Kleiner koolstofvoetspoor (minder bronne soos papier benodig) (2)
- 6.3.1 Artikel / inligting / nuusberig (gewoonlik op 'n webwerf) wat doelbewus beoog om mense te mislei ✓ (1)
- 6.3.2 Die inhoud van 'n wiki is nie altyd formeel geredigeer / geverifieer nie ✓ (1)
- 6.3.3 Doen kruisverwysing om inligting ook by ander bronne te bevestig ✓ (1)

[8]

Vraag 7: Oplossingsontwikkeling

- 7.1 Voeg die beeld as 'n watermerk by ✓ (1)
- 7.2 As jy 'n styl verander, word alle teks wat daarmee geformateer is, outomaties opgedateer ✓ (1)
- 7.3 Seksieonderbrekings ✓ (1)
- 7.4 Die dag van die week (in woorde, bv. Monday) ✓ (1)
- 7.5 Die veld sal dan ook die lêergids waarin die lêer gestoor is aantoon ✓
Nuttig as jy 'n hardekopie van die dokument het en graag wil weet presies waar op die rekenaar die dokument gestoor is ✓ (2)
- 7.6 Links (*left*) ✓ en Hangende (*hanging*) ✓ (2)
- 7.7 Beskerm die dokument (deur redigeerbeperrkinge [*Editing restrictions*] toe te pas) ✓ (1)
- 7.8 Vervang COUNTIF met SUMIF ✓
Vervang 11 met <>10 (of >=11) ✓ (2)
- 7.9 Filter ✓ (1)
- 7.10 Enige DRIE redes van: ✓✓✓
- Van-veld is nie by die navraag bygevoeg nie
 - Kriteria vir Graad-veld behoort '8 or 9' te wees

- Show-blokkie vir die Grade-veld is nie getik nie
- Kriteria vir die Deelgeneem-veld ('Yes') behoort op dieselfde ry as die kriteria vir die Graad-veld te wees


(3)

[15]

DOEN VRG 7


Vraag 7: Oplossingsontwikkeling

- 7.1 Hoe voeg mens 'n agtergrondbeeld by op al die bladsye van 'n dokument deur die beeld net een maal in te voeg, en sonder om 'n bladsyboskrif (*header*) of -onderskrif (*footer*) te gebruik? (1)
- 7.2 Verduidelik hoekom die gebruik van style in 'n dokument dit gou en maklik maak om konsekwente formatering dwarsdeur die dokument toe te pas. (1)
- 7.3 Noem die *Word*-eienskap wat dit moontlik maak om bladsye met verskillende oriëntasies (portret en landskap) binne dieselfde dokument te hê. (1)
- 7.4 Watter aanvullende inligting sou oorgedra word as mens 'n datumformaat as DDDD DD MM YY, in plaas van DD MM YY spesifiseer? (1)
- 7.5 Wat is die praktiese voordeel as mens die merkhokkie hieronder selekteer ('merk') wanneer die FileName-veld in 'n *Word*-dokument ingevoeg word?



(2)

- 7.6 Noem die verskillende inkepinge (*indents*) wat gebruik is om die uittreksel hieronder te formateer:



(2)

- 7.7 Hoe kan die ontwerper van 'n *Word*-vorm verseker dat die persoon wat die vorm sal invul slegs met die Tab-sleutel tussen die vormvelde self sal kan beweeg? (1)
- 7.8 Bestudeer die sigblad hieronder. Dit word gebruik om rekord te hou van die kaartjies wat leerders in grade 10–12 vir 'n gelukstrekking verkoop. Beantwoord dan die vraag wat volg.

	A	B	C	D
1	LUCKY DRAW		Kaartjieverkope	
2	Naam	Graad	Aantal verkoop	Bedrag
3	Denton G.	10	35	R175
4	Fuller C.	12	40	R200
5	Krause K.	10	35	R175
6	Limoges E.F.	11	38	R190
7	Lategan S.	12	25	R125
8	Motswane A.B.	10	36	R180
9	Snyman R.	11	36	R180
10	Fransman N.	12	25	R125
11	Kammies H.A.	12	38	R190
12	Makan G.	10	26	R130
13	Nomovane L.	11	35	R175
14	Hayward T.	11	35	R175

Gee TWEE vervangings wat aan die funksie hieronder gemaak sal moet word sodat dit die totale aantal kaartjies wat deur die graad 11- en 12-leerders verkoop is, sal tel.

=COUNTIF(B3:B14,"11",C3:C14)

(2)7.9

Gee

'n hulpmiddel in Access wat gebruik kan word om net sekere rekords te vertoon, behalwe 'n navraag.(1)

- 7.10 Die Access-navraag hieronder is veronderstel om die name, vanne en grade van leerders in grade 8 en 9 wat aan 'n skoolkonsert deelgeneem het, te vertoon.

Bestudeer die ontwerp van hierdie navraag en gee DRIE redes hoekom dit NIE die verlangde inligting sal vertoon nie.

Field:	Naam	Graad	Deelgeneem
Table:	Skoolkonsert	Skoolkonsert	Skoolkonsert
Sort:			
Show:	☒	☐	☐
Criteria:		8 And 9	
or:			Yes

(3)

[15]

WOENSDAG: DOEN VRG 8

Vraag 8: Geïntegreerde Scenario

- 8.1 Een van die prioriteite is om 'n POS (*Point-of-Sale*)-stelsel in die winkel te installeer.

- 8.1.1 Gee TWEE voordele van die installering van 'n POS-stelsel uit die oogpunt van die besigheid (die winkel), behalwe enigiets wat met spoed te doen het.

(2)

- 8.1.2 Gee TWEE voordele van die gebruik van RFID-skyfies in plaas van strepieskodes in die winkel. (2)
- 8.2 Die bestuurder van die skoolwinkel wil sy skootrekenaar gebruik vir 'n *PowerPoint*-aanbieding vir nuwe ouers van die skool.
- Hy vind dat, anders as wat die geval met sy skootrekenaar is (wat net 'n enkele HDMI-poort het), die skool se dataprojektor nie 'n HDMI-poort het nie.
- 8.2.1 Noem die ouer soort videokonnekteerder wat waarskynlik op die skool se dataprojektor beskikbaar is. (1)
- 8.2.2 Stel EEN manier voor wat mens sou kon gebruik om die skootrekenaar aan hierdie dataprojektor te konnekteer. (1)
- 8.2.3 Beskryf TWEE voordele wat HDMI bo ouer soorte konneksies bied. (2)
- 8.3 Toe 'n strepieskodeskandeerder aan die rekenaar gekoppel is, het dit vanself geïnstalleer.
- 8.3.1 Watter naam word aan dié proses of tegnologie gegee, waar nuwe toestelle wat aan 'n rekenaar gekoppel word outomaties opgespoor, gekonfigureer en geïnstalleer word? (1)
- 8.3.2 Watter soort (kategorie) sagteware is 'n drywerprogram (*driver*)? (1)
- 8.3.3 Beskryf kortliks wat die funksie van 'n drywerprogram is. (1)
- 8.4 Rugsteun van die winkel se data is kritiek. Daar word oorweeg om die data na 'n stoordiens in die 'cloud' te rugsteun. Mens kan sê dit is soos 'n lêerbediener (*file server*) wat aan die internet gekoppel is.
- 8.4.1 Noem of beskryf TWEE ander soorte bedieners behalwe 'n lêerbediener. (2)
- 8.4.2 Die winkelbestuurder wil weet of *cloud storage* en *cloud computing* dieselfde is. Verduidelik die verskil tussen hierdie twee begrippe. (2)
- 8.5 Die bestuurder se rekenaar word deur *biometriese* sekuriteitsmiddele beskerm.
- 8.5.1 Verduidelik wat die term *biometriese sekuriteit* in die algemeen beteken. (2)
- 8.5.2 Sou die bestuurder se assistent in staat wees om die bestuurder se rekenaar te gebruik? Motiveer kortliks jou antwoord. (1)
- 8.6 'n Webwerf is vir die skoolwinkel ontwerp.
- Gee DRIE kriteria wat die bestuurder kan gebruik om die webwerf te evalueer, in terme van navigering op die webwerf. (3)
- 8.7 'n Assistent is aangetref waar hy besig was om video's van die internet af te laai. Hierdie optrede behoort deur die AUP wat vir die skoolwinkel opgestel is, gedek te word.
- 8.7.1 Beskryf in die algemeen wat 'n AUP in hierdie konteks is. Dit is NIE nodig om die afkorting voluit te skryf nie. (2)
- 8.7.2 Gee TWEE ander sake wat in die winkel se AUP gedek behoort te word. (2)
- 8.8 Kyk na die uittreksel uit 'n sigblad hieronder. Dit bereken die koste van items wat in die winkel bestel word:

	A	B	C	D	E
1	BTW	15%			
2					
3	Prys per Item	Aantal verkoop	Subtotaal	Prys na Afslag	Prys plus BTW
4	R100.00	10	R1 000.00	R900.00	R1 035.00
5	R50.00	9	R450.00	R450.00	R517.50
6	R200.00	20	R4 000.00	R3 600.00	R4 140.00

8.8.1 Die volgende IF-funksie word in sel **D4** gebruik om die prys te bereken nadat afslag toegepas is.

=IF(B4>=10,90%*C4,C4)

Skryf in jou eie woorde neer onder watter omstandighede ('hoe') 'n klant vir afslag kwalifiseer, en watter afslag 'n klant kan verwag om te ontvang. (2)

8.8.2 Die volgende formule word gebruik om (korrek) die *Prys plus BTW* in sel **E4** te bereken:

=D4+15%*D4

Verduidelik hoekom dit beter sou wees om die volgende formule in plaas daarvan te gebruik:

=D4+B1*D4 (1)

8.8.3 Die bestuurder het die formule **=D4+B1*D4** suksesvol in sel **E4** gebruik.

Verduidelik hoekom 'n probleem sal ontstaan as hy die formule 'afwaarts' na die res van die selle in die kolom toe kopieer, en stel voor hoe die probleem reggemaak kan word (sonder om 'n ander formule te gebruik). (2)

[30]

PRAKTIES

KYK NA VIDEO'S OOR ACCESS VERVOLG:

MAANDAG:

Formating and editing



Sorting



WOENSDAG:

Using filters



Different views

